GROOTFONTEIN KUIERFEES 2019

Dirk van der Westhuizen

HIERMEE ONS HARTLIKE DANK AAN AL ONS BORGE WAT 2019 KUIERFEES MOONTLIK GEMAAK HET. N SPESIALE WOORD VAN DANK AAN ***NAMIBIA BROUERYE*** WAT VIR DIE 8STE AGTEREENVOLGENDE JAAR ONS HOOFBORG WAS. DIE KOMITEE WIL OOK GRAAG DIE VOLGENDE BORGE SE NAME HIER NOEM VIR HULLE BETROKKENHEID BY DIE FEES:

GROOTFONTEIN SPAR (9 JAAR BETROKKE)

NAMIBIA BEVERAGES (9 JAAR BETROKKE)

NEDBANK (8 JAAR BETROKKE)

VAN DYK PETROLEUM (8 JAAR BETROKKE)

BANK WINDHOEK (8 JAAR BETROKKE)

OMASHARE RIVER LODGE (8 JAAR BETROKKE)

PUPKEWITZ MEGA BUILD (8 JAAR BETROKKE)

TSUMEB PUPKEWITZ TOYOTA (8 JAAR BETROKKE)

TSUMEB BUILD IT (8 JAAR BETROKKE)

FIRST NATIONAL BANK (7 JAAR BETROKKE)

AGRA GROOTFONTEIN (7 JAAR BETROKKE)

CARBO NAMIBIA (6 JAAR BETROKKE)

SUPA QUICK (6 JAAR BETROKKE)

WOERMANN & BROCK HARDEWARE IS HIERDIE JAAR VIR DIE TWEEDE KEER BETROKKE BY DIE FEES EN ONS WIL HULLE BEDANK VIR HULLE RUIM BORGSKAP.

SAFARI-ETE

Die safari-ete is die eerste jaar deur +- 300 mense bygewoon. Die populariteit van die ete het gegroei tot 450 gaste die 5de jaar van die fees. Daarna het die getal gaste afgeneem tot ‘n laagtepunt van +-170 in die 8ste jaar. Die skip is egter omgedraai en daar was in 2019 +-350 gaste by die ete.

AKTIWITEITE:

DIE VOLGENDE AKTIWITEITE IS AANGEBIED:

FIETSRY (10KM, 20KM EN 45KM) 25 DEELNEMERS

PRETLOOP (5KM)

4X4 MUD SPLASH

GROOTKALIBER SKYFSKIET

MEJ KUIERFEES

UITSTALLERS (36 STALLETJIES)

RADIO KOSMOS MET 'N DIREKTE UITSENDING VANAF DIE TERREIN

KINDERVERMAAK

KUIERFEES BYWONING:

DENNIS EAST TUSSEN DIE GASTE

BYWONINGSGETALLE

2011 - 300

2012 - 1000

2013 - 1500

2014 - 1700

2015 - 2000

2016 - 1400

2017 - 800

2018 - 700

2019 - 1100

Die fees het in 2018 ‘n laagtepunt bereik. Die rede hiervoor kan gedeeltelik toegeskryf word aan die feit dat die fees na ‘n nuwe terrein geskuif is, naamlik Bush Babe. Die komitee het gevoel dat die nuwe terrein hom leen tot meer aktiwiteite wat nie in die dorp aangebied kan word nie, nl: grootkaliber skyfskiet (300 meter baan) en 4X4 aktiwiteite. Die terrein is ook gunstig vir bergfiets ritte, landloop asook ‘n perde marathon.

Die komitee voel dat hierdie fees weer die hoogtepunt van 2015 kan bereik deur die regte bemarking, aktiwiteite op naburige dorpe wat op dieselfde datum as die Kuierfees plaasvind uit te skakel, om die borge meer betrokke te kry deur spesefieke aktiwiteite en kostes te borg asook om nuwe borge aan boord te kry.

Die komitee besef al te goed dat die ekonomie nie dieselfde as in 2015 is nie. Die borg inkomste het met 71% gekrimp van 2014 tot en met 2019. Ons besef ook dat ons die borge meer blootstelling moet gee. Enige voorstelle van u kant af oor hoe ons u meer blootstelling kan gee sal beslis oorweeg word.

Die komitee wil u ook die versekering gee dat al die borggelde wat ons ontvang, tesame met hekgelde, op die fees spandeer word in die vorm van betalings vir kunstenaars, pryse en ander lopende kostes.

DIE KUIERFEES KOMITEE SE OPREGTE DANK AAN U AS BORGE. GEEN FEES KAN SONDER DIE ONDERSTEUNING VAN BORGE; NEE VENNOTE SOOS U BESTAAN NIE. DIE FEES VIER VOLGENDE JAAR SY ***TIENDE VERJAARSDAG*** EN DIE KOMITEE HOOP ONS KAN DIT SAAM N GROTE MAAK.

GASTE BY DIE FEES 2019

Johandre van der Post